

Maandag

1 Joh. 2: 18, 19; 4: 1 – 3; 4: 15 – 19; 2 Petrus 2: 17 -19. Teks: 1 Joh. 2: 19 Tema: "Ons bly en leef in Christus. Hy is nie goddeloses se lêplek en broeiplek nie." Ons as gelowiges leef tans met die druk dat mense met vertonerigheid en leedvermakerigheid die Christelike kerk verlaat met die houding dat die Christelike Kerk, en verál die NG Kerk 'n plek is waaruit jy moet wegkom. Dit is presies net hierdie houding wat beide die apostels Johannes en Petrus in hulle briewe aangespreek het met hierdie stellings: "hulle het uit ons geledere voortgekom maar was nie van ons nie" en "hulle beloof vryheid maar verstriek mense in losbandigheid." Hierdie vreemde stelling "hulle kom uit ons geledere maar was nooit van ons nie", kan ons vergelyk met 'n vrug soos 'n appel. In hierdie voorbeeld is die kerk die vrug en gelowiges die saadjies binne die appel. Hierdie vrug is die saadjies se blyplek. Hulle is geskep en gevorm in die vrugbeginsel van die vrug, hulle word gevoed en groei uit die vrug en hulle word beskerm binne die vrug. En dan gebeur iets anders! Terwyl hierdie vrug nog 'n blom was, kom lê 'n gogga sy eiers in die vrugbeginsel, groei die gogga-eiers binne die vrug en maak dit ook hulle kos en veiligheid. Só is hierdie gogga binne die geledere van die pitjies, maar nie self 'n pitjie nie. Hulle word van kleinsaf maats, hulle ervaar alles en leef saam in die appel, en eendag vertel 'n pitjie se gogga-maatjie vir hom hoe sleg is dit om binne hierdie appel te wees, vreet homself uit die appel en maak alles binne die appel rondom hom vrot, met die houding dat die appel nou vir hom 'n plek is om uit weg te kom. Dit, terwyl die appel die plek is wat vir saadjies hulle krag en veiligheid is! Dit is wat die apostel uitwys met die stelling hulle kom uit ons geledere voort maar was nooit van ons nie. Hulle was van die begin af goggas tussen saadjies, uit ons geledere maar nie van ons nie. Dit is weer sulke tyd! Goggas wat saam met ons deel van die kerk was, wys dat die kerk 'n slegte plek is waaruit jy moet wegkom om jouself te kan wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

1 Joh. 2: 18, 19; 4: 1 – 3; 4: 15 – 19; 2 Petrus 2: 17 -19. Teks: 1 Joh. 2: 19 Tema: "Ons bly en leef in Christus. Hy is nie goddeloses se lêplek en broeiplek nie." Die apostel het 'n unieke beskrywing van Christus as Here se liefde vir ons wat Hy aanhoudend só stel: "God bly in ons en ons bly in God." Die uitdrukking beskryf hoe ons deel is en leef binne God se liefde vir ons. "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees." Joh. 17: 21, 23. In sy brief stel Johannes dat God liefde is, en wie in God se liefde bly, bly in God en God bly in hom. (1 Joh. 4: 16) Hierdie is God se eerste en werklike liefde (1 Joh. 4:10, 4:25) deur Jesus wat as die Seun deur die Vader gestuur is om ons sondes te versoen. Wie in Jesus Christus se lyding en opstanding glo, bly in God se liefde en God se liefde bly in hom. (1 Joh. 4: 15) Daarom verklaar Johannes ook dat die nuwe lewenswyse vir gelowiges is om binne hierdie liefde te leef waarin God ons laat bly. (1 Joh. 4: 12) Met die beskrywing "God bly in ons en ons bly in God" verkondig Johannes dat God sy liefde ons tuiste en blyplek gemaak het. Dit is net soos met hierdie pitjies van 'n appel: die appel as vrug is vir hulle as tuiste en blyplek

gemaak. Alles wat die boom is en doen, is om vir hierdie pitjies die vrug as hul tuiste, hul blyplek te maak. Al die sonkrag wat die boom in sy blare bymekaar maak, al die water en minerale wat hy met sy wortels uit die grond trek, is álles bedoel om 'n vrug te maak vir die SAADJIES! Hulle word in die vrug gevorm, gevoed en beveilig. Net so is álles wat die Here Jesus Christus met sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding bewerk, bedoel om vir sy kinders sy liefde as hul tuiste te bewerk. Sy liefde maak ons wie ons is, voed ons in 'n nuwe lewe en beveilig ons. Álles wat die Here doen is om aan ons die Gees te gee wie ons in sy liefde laat bly en tuiswees. (1 Joh. 4: 13) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

1 Joh. 2: 18, 19; 4: 1 – 3; 4: 15 – 19; 2 Petrus 2: 17 -19. Teks: 1 Joh. 2: 19 Tema: "Ons bly en leef in Christus. Hy is nie goddeloses se lêplek en broeiplek nie." Die apostel verklaar oor hulle wat uit die kerk wegloop asof dit 'n slegte plek is om in te wees dat "hulle het uit ons geledere voortgekom." Hierdie verklaring beteken meer as dat hulle met gelowiges goeie vriende en geesgenote was. Dit beteken dat hulle uit dieselfde tuiste, uit God se liefde gekom het. Daarom beteken hulle weggaan uit "ons geledere" nie dat hulle soseer van gelowiges weggaan nie, maar dat hulle openlik uitbreek uit God se liefde as tuiste. Hulle wil nie meer in God se liefde tuiswees en bly nie. Hulle vertonerige en leedvermakerige wegbreek uit die kerk is bedoel om uit God se liefde as tuiste te kom. Hulle breuk is met die Gees wie Jesus Christus aan gelowiges gee waaruit gelowiges nie wil uitkom of van wegbreek nie. (1 Joh. 3: 24, 4: 2) Hierdie wegbreek en uitbreek uit die kerk van die Here gaan oor dit wat Johannes uitwys as die gees wat nie van Christus afkomstig is nie. (1 Joh. 4:3) Volgens die apostel Petrus in sy brief is hierdie die nuwe gees van vryheid. Hulle wil nie meer in die liefde bly waarin hulle hul eie ware???? vryheid gevoed en beveilig het nie. Dit is die werklike drif van die wegbreek uit die kerk van die Here wat ons vandag ook beleef. Dit is nie ons eng en benepe liefdes wat goddeloses ontuis laat voel in die kerk van die Here nie. Dit is die Gees van Christus wat jou insluit en in God se liefde laat bly, wie hulle sommer só skielik eendag ontuis en onwelkom binne die kerk van die Here laat voel. Dit is Christus se Gees wat hulle laat voel hulle sogenaamde vryheid word ingeperk; hulle is ingebind en wil nie ingebind wees nie; hulle voel onderdruk en wil uit die onderdrukking uit kom; hulle voel ontuis omdat hulle nie hul self kan wees en uitleef soos hulle hul self wil wees en uitleef nie. God se liefde waarin hulle hulself eers tuisgemaak het, is vir hulle nou 'n slegte plek om in te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

1 Joh. 2: 18, 19; 4: 1 – 3; 4: 15 – 19; 2 Petrus 2: 17 -19. Teks: 1 Joh. 2: 19 Tema: "Ons bly en leef in Christus. Hy is nie goddeloses se lêplek en broeiplek nie." God se kinders is tuis in sy liefde maar onderdruk en verstik goddeloses. Dit is net soos die verskil tussen gogga-eiers in 'n vrug en die pitjies van die vrug binne die vrug. Die pitjies word gevorm uit die krag van die boom, om versorg en veilig binne die vrug as hul tuiste te leef. Johannes stel die wese van gelowiges so: "Hulle is dit nie van

nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.” (Joh. 1: 13) God maak ons wie ons as gelowiges is en laat ons in sy liefde tuis en veilig wees. Goggas is nie uit die krag van 'n boom gevorm nie. Hulle dring die vrug van 'n boom binne om uit die krag en veiligheid van die vrug hulself te vorm, en sodra hulle hulself as goggas wil wees, is alles wat hulle misbruik het, skielik vir hulle hulle 'n tronk en gif. Dit hoe mense is wat hulle met hul selfliefdes, geestelikhede, en goddeloosheid in die liefde van God indring. Soos Johannes dit stel, hulle is wat hul is van nature, deur die drang en die besluite van mense. Hulle probeer God se liefde die tuiste van hul goddeloosheid en afgodsdien maak, skep krag en veiligheid daarin sodat hul afgodsdien en goddeloosheid nie dadelik herken word nie, maar dit kan nooit werk nie. Goggas kan net goggas buite, nooit binne in God se genade en liefde wees nie. God se genade en liefde beperk hulle en verstik hulle in alles wat hul in hul afgodsdien en goddeloosheid wil wees. Daarom kom hulle uit ons geldere, maar verklaar of demonstreer hulle dramatiese spoggerig en leedvermakerig dat hulle hard probeer het om binne die kerk en God se liefde te leef, maar... dit is 'n leuen. Dit was net 'n DEURGANGSPLEK vir hul goggageid. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

1 Joh. 2: 18, 19; 4: 1 – 3; 4: 15 – 19; 2 Petrus 2: 17 -19. Teks: 1 Joh. 2: 19 Tema: "Ons bly en leef in Christus. Hy is nie goddeloses se lêplek en broeiplek nie." Ons gelowiges mag nie langer ons blootstel aan goggas (die goddeloses) se gevoelens en menings oor hoekom die kerk van die Here en sy Gees vir ons 'n slegte plek sou wees om in te bly nie! Uit die vrug van die werk van Jesus Christus, sy maagdelike geboorte, sy plaasbekledende lyding, en sy opstanding uit die dood, is sy liefde en genade ons tuiste. Só is ons uit God en maak Hy ons wie ons is. Ons het ons nie in sy liefde en genade ingedring as net nog 'n lêplek vir ons eie goddeloosheid nie! Ons moet vandag weer ons geloofsidentiteit vind téénoor hulle vir wie God se liefde en genade net die lêplek van goddeloosheid is.

* Wat goddeloses verstik (God se liefde en genade in Christus) I, voed gelowiges om met en vir Hom te leef; * Wat goddeloses inperk (omdat hulle hul sondige self wil wees), is my gelowiges se vryheid;

* Wat vir goddeloses sleg is, is vir gelowiges net goed;

* Wat goddeloses onderdruk (omdat hulle hul drifte en sogenaamde geestelikheid wil wees), verhef gelowiges om as kinders van God te leef! Gaan weg goddelose! Jy kan nie van God se genade en liefde 'n lêplek vir jou goddeloosheid maak nie! Dit is gelowiges se tuiste! Gaan uit ons geledere UIT want al kom julle uit ons, was julle nooit VAN ons nie. Julle het julle met al julle bekerings, oorgawes, spiritualiteite en geestelikhede met die drif, die besluit en die keuse van 'n man (die sondige mens - Johannes 1:13)) in God se liefde INGEDRING asof dit julle lêplek kan wees! Ons gelowiges mag nie hierdie goddelose houding ons eie maak wat nou as ware liefde bemark word nie. Watter goddelose houding? "Die kerk is die plek waar elke gogga moet tuiswees en as hulle nie tuis is nie, is dit die gelowiges se liefdeloosheid wat hulle wegdryf." Dit is nie óns sogenaamde liefdeloosheid waarmee hulle fout vind

nie. Dit is God se genade en liefde wat hulle sonde blootstel : hulle kán nie in God se liefde en genade vry-uit hulle self wees in hul goddelose geestelikhede nie! God se ware liefde en genade verdryf goggas uit sy kerk - nie die sogenaamde liefdeloosheid van sy kinders nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus